UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Humanities 100.
1919 - 2019
Department of Afrikaans

Julie 2019

Beste Kollega

**LENTESEMINAAR VIR AFRIKAANSONDERWYSERS 2019**

Een van die hoogtepunte op die Departement Afrikaans se kalender is ons jaarlikse Lenteseminaar vir Afrikaansonderwysers. Vanjaar se program is, soos gewoonlik, propvol pitkos wat beloof om in ŉ ieder en ŉ elk se smaak te val, met ŉ fokus op ŉ verskeidenheid aktuele onderwerpe vir onderwysers van Afrikaans as Huistaal en as Eerste Addisionele Taal.

Sprekers op die VOORLOPIGE program is soos volg:

- Fanie Viljoen - Onderwêreld
- Karin Krahts – Poësieonderrig
- Marelize Swanepoel – Taalkundehulp
- Kristien Andrianatos – Tegnologie in die Afrikaanse klas
- Willem Fransman Jr. – Kaapse Afrikaans
- Rinelle Evans – Versweë kurrikulum

Die finale program sal in Augustus op ons webblad beskikbaar wees.

Hiermee ŉ hartlike uitnodiging na vanjaar se Lenteseminaar op **Vrydag 13 September 2019** in die Ouditorium op die Groenkloofkampus van die Universiteit van Pretoria. Registrasies sal om 07:30 begin.

**Registrasie en ander reëlings**

- Die inskrywingsgeld beloop **R450.00** per persoon. Dit sluit volgstukke, tee, koffie en verversings, en ŉ middagete in.
- Voltooi asb. die aangehegte vorm en stuur dit na mev. Klopper by tercia.klopper@up.ac.za. *Maak asseblief seker dat mev. Klopper u registrasievorm ontvang*. Dit verseker dat daar genoeg eetgoed is, dat u ŉ lêer ontvang, en dat toegang vir u by die hek gereël word

Kamer 15-14, Vlak 15,
Geesteswetenskappe-gebou
Universiteit van Pretoria, Privaatsak X20
Hatfield 0028, Suid Afrika
Tel +27 (0)12 420 4075
Faks +27 (0)12 420 2349
Epos tercia.klopper@up.ac.za

Fakulteit Geesteswetenskappe
Lefapha la Bomotho

Faculty of Humanities
Lefapha la Bomotho

(toegang by UP word nou streng beheer). Indien mev. Klopper nie bewys van betaling kry nie, is dit onmoontlik om vas te stel of die registrasiegeld inderdaad inbetaal is.

- Laat weet asseblief so gou moontlik, maar op die laatste teen **Vrydag 6 September 2019**, van u voorneme om die seminaar by te woon.

**Betalings kan soos volg gemaak word:**

- elektronies via internetbankbetaling, of
- ʼn bankdeposito in die rekening.

BANKBESONDERHEDE:
Universiteit van Pretoria, ABSA Hatfield 632005, rekeningnommer 214 000 0038. U moet asseblief die volgende verwysing gebruik: **A02216**.

**NB: Bewys van betaling/registrasie**

U moet asseblief **bewys van registrasie en betaling** na mev. Tercia Klopper stuur om seker te maak dat sy bewus is van u inskrywing en die getal seminaargangers per skool. U mag u bewys elektronies (per e-pos) of per faks stuur.

**E-posadres:** tercia.klopper@up.ac.za
**Faksnr.:** (012) 420 2349 / 086 2600 330

*Maak asseblief baie seker dat u bewys van betaling mev. Klopper bereik het. Daarsonder sal u inskrywing ongelukkig nie geldig wees nie.*

Ons hoop dat u hierdie besonderse seminaar in groot getalle sal bywoon!

**ME. LINETTE VAN DER MERWE**
**Voorsitter: Lenteseminaarkomitee**

**PROF. WILLIE BURGER**
**Departementshoof**